

Vra, Soek en Klop!

Maandag 15 November 2021

Mat 7:7-12 (7,8)

7 “**Vra**, en vir julle sal gegee word; **soek**, en julle sal kry; **klop**, en vir julle sal oopgemaak word, **8** want elkeen wat **vra**, ontvang; en elkeen wat **soek**, kry; en vir elkeen wat **klop**, sal oopgemaak word.”

Almal van ons maak foute, doen dom dinge, het nie die insig in al die situasies nie. Ons is mense wat feilbaar uit onself is en nie altyd die antwoorde het nie.

God is egter volmaak en volkome wys. Daarom moet ons na Hom toe gaan in gebed en vra vir wysheid.

Jak 1:5

“As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyf.”

Die jong koning Salomo het geweet dat hy op sy eie nie kan regeer en ‘n volk kan lei nie. Daarom het ook hy van God wysheid gevra. Kom ons lees van Salomo se aanvanklike diepe afhanklikheid van God en wat Hy alles gevra het.

1 Kon 3:3-15

3 Salomo het sy liefde vir die Here betoon deur alles te doen wat Dawid, sy pa, hom voorgeskryf het. Hy het egter nog op die hoogtes offers gebring. 4 Koning Salomo het na Gibeon toe gegaan om daar te offer, omdat die vernaamste hoogte daar was. Salomo het op daardie altaar duisend brandoffers gebring. 5 Daar in Gibeon het die Here die nag in 'n droom aan Salomo verskyn en vir hom gevra: “Wat wil jy hê moet Ek vir jou gee?” 6 Toe sê Salomo: “U het groot trou aan my vader Dawid bewys. Hy was in sy lewe getrou en gehoorsaam en opreg teenoor U. U het hierdie groot trou aan hom bewys en vir hom 'n seun gegee wat vandag op sy troon sit. 7 Here my God, U het my koning gemaak in my vader Dawid se plek, maar ek is nog jonk en onervare 8 en ek moet regeer oor die volk wat deur U uitgekies is, 'n groot volk, te veel om te tel. 9 Gee my die gehoorsaamheid aan U dat ek u volk reg sal regeer en in alles insig sal hê, want wie kan uit homself hierdie groot volk van U regeer!” 10 Die Here het dit goedgevind dat Salomo dit gevra het. 11 Hy het vir hom gesê: “Omdat dit jou versoek is en jy nie vir jou 'n lang lewe, of rykdom, of die dood van jou vyande gevra het nie, maar insig in wat reg is, 12 sal Ek aan jou versoek voldoen. Ek gee aan jou wysheid en insig soos niemand vóór jou gehad het of ná jou sal hê nie. 13 Ook wat jy nie gevra het nie, gee Ek aan jou: rykdom en aansien, sodat daar onder die konings niemand soos jy sal wees solank jy leef nie. 14 As jy jou in jou optrede hou aan my voorskrifte en gebooie soos jou vader Dawid gedoen het, sal Ek jou ook nog 'n lang lewe gee.” 15 Toe Salomo wakker word, het hy besef dat die Here in 'n droom aan hom verskyn het. Hy is toe terug na Jerusalem toe, en daar het hy voor die verbondsark van die Here gaan staan en brandoffers en maaltydoffers gebring. Hy het ook 'n feesmaal vir al sy amptenare gegee.”

Daarom moet ons in die gebed elke dag aanhou vra, soek en klop. Ons moet ons tot God keer. Ons moet van God vra wat nodig is. Wat ons nodig het is alles na siel en na liggaam. Dit kan en mag nie halfhartige poginkies wees nie. Nie maar flou gebede, vinnige gebedjies en sommer net skietgebede nie, ons bid dalk te min. Om met God opreg en eerlik te praat vra inspanning, opregtheid. Ons moet altyd vra vir meer kennis, geduld, begrip, insig in God se wil. God sal dit gee. God het die opregtes eerlikes lief. Soos wat ons weet om vir ons kinders goeie dinge te gee, sal God nog beter vir ons sorg in alles wat ons nodig het.

Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com